

KONINKRYK.

LES 19

1	GEBED
----------	--------------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	UITWISSELING (20 minute) [STILTETYE] PSALM 16, 18, 19 en 22
----------	---

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Psalm 16, 18, 19 en 22). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute) [SLEUTELVERSE IN ROMEINE] (6) ROMEINE 4:5
----------	---

Repeteer twee aan twee:

(6) Romeine 4:5. Maar die mens wat nie op wetsonderhouding staatmaak nie, maar wat glo in Hom wat die goddelose vryspreek, hy kry die vryspraak deur sy geloof (letterlik: word sy geloof gereken tot geregtigheid).

4	ONDERRIG (85 minute) [DIE GELYKENISSE VAN JESUS] DIE BARMHARTIGE SAMARITAAN
----------	---

“Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan” in Lukas 10:29-37 is ’n gelykenis oor **SIGBARE LIEFDE IN DIE KONINKRYK VAN GOD.**

“’n Gelykenis” is ’n aardse verhaal met ’n hemelse betekenis. Dit is ’n lewensgetroue verhaal of ’n illustrasie wat ontwerp is om ’n geestelike waarheid te leer. Jesus het gebruik gemaak van die gewone dinge en alledaagse gebeurtenisse om lig te werp op die geheimenisse van die Koninkryk van God en om mense te konfronteer met die werklikhede van hul situasie en die noodsaak van hul verandering.

Ons bestudeer hierdie gelykenis m.b.v. die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse (Sien handleiding 9, supplement 1).

Lees Lukas 10:29-37.

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Inleiding. Die gelykenis word in figuurlike taal vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en historiese feite van die agtergrond van die verhaal.

Besprek. Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

Aantekeninge.

Die pad van Jerusalem af na Jerigo toe. Jerusalem lê bo-op ’n berg, maar Jerigo lê in die slenk dal ongeveer 27 kilometer vanaf Jerusalem en ongeveer 1 200 meter onder Jerusalem. Die pad tussen hierdie twee stede is rof en baie eensaam. Bowendien skuil rowers en dieve in die bergagtige streek. Die pad het bekensgestaan as ’n berugte en gevaarlike pad.

Die man wat van Jerusalem na Jerigo gereis het. Hierdie man was ’n Jood, anders sou Jesus dit wel gesê het. Rowers het hom oorval, al sy besittings geroof, hom halfdood geslaan en toe op die pad laat lê.

Die priester en die Leviet. Sommige priesterfamilies het in Jerigo gewoon en het baie op en neer gereis na en van Jerusalem af. Hierdie priester was besig om ondertoe te loop. Waarskynlik het hy s priesterlike verpligtinge in Jerusalem vervul en was hy op pad huis toe. Hy het die man daar sien lê, maar het verbygegaan. Hy wou nie betrokke raak nie. Jesus sê nie hoekom nie. Miskien het hy wel ’n rede gehad. Byvoorbeeld, “Daardie man is nie een van ons groep (priesters) nie!” of “Ek sal seremonieel onrein raak as ek hom aanraak!” Nietemin het hy geen verskoning gehad om nie betrokke te raak nie, omdat die Ou Testament duidelik beveel dat mense barmhartigheid aan vreemdelinge en selfs aan vyande moet bewys (Leviticus 19:34; Eksodus 23:4-5; 2 Konings 6:8-23)!

’n Leviet wat priesters moet help in hul taak in die tempel, het ook verbygegaan. Ook hy het geen barmhartigheid bewys nie. Ook hy het geen verskoning gehad waarom hy die weerlose man nie gehelp het nie.

Die Samaritaan. Die Samaritane en Jode was vyande van mekaar en het mekaar gehaat (Johannes 4:9; 8:48; Lukas 9:51-56). Niemand het ver wag dat 'n Samaritaan barmhartigheid aan 'n Jood sou bewys nie. Maar dit is presies wat gebeur het! Toe die Samaritaan verby gekom het, het hy die man daar sien lê en hom onmiddellik gaan help. Hy het sy wonde met wyn as 'n antiseptiese middel skoongewas (1 Timoteus 5:23). Toe het hy olie oor sy wonde uitgegiet as 'n soort van salf wat die pyn verlig (Jesaja 1:6). Hy het die man op sy rydier getel en waarskynlik naas die rydier geloop terwyl hy die tragiese figuur op pad na 'n herberg ondersteun het. By die herberg het hy die hele nag vir sy pasiënt gesorg. Die volgende dag was sy taak nog nie klaar nie. Hy het die herbergier twee muntstukke betaal om verder vir die gewonde man te sorg. Hy het belowe om alle verdere onkoste te vergoed as hy weer verbykom!

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Inleiding. Die verband van die “verhaal” van die gelykenis kan bestaan uit “die agtergrond” en “die uitleg of toepassing” van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na *die aanleiding* (rede) om die verhaal te vertel, of beskryf *die omstandighede* toe die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.

Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Lukas 10:25-29.

Die vraag hoe 'n mens die ewige lewe kan kry. 'n Wetgeleerde (in die Ou Testament) het 'n strikvraag aan Jesus gestel om hom in verleentheid te bring. Hy wou bewys dat Jesus nie 'n goeie antwoord kon gee op sy moeilike vraag nie! Die vraag is een van die ernstigste vrae wat 'n mens kan stel. “Wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?” Die wetgeleerde het self gedink dat die regte antwoord is “om die hele wet te onderhou!”

In plaas van sy vraag te beantwoord, het Jesus hom met 'n ander vraag beantwoord: “Wat staan in die wet van Moses geskrywe? Wat lees jy daar?” So het Jesus die rolle omgedraai en hom gedwing om 'n antwoord op sy eie vraag te gee. Op hierdie manier kon Jesus aan alle aanwesige mense duidelik maak dat Hy nie 'n nuwe leerstelling (buite die Ou Testament) verkondig nie, maar Hom strik gehou het aan die heilige Wet (die openbaring in die Ou Testament)!

Die antwoord in die Wet sê: beoefen volmaakte liefde teenoor God en jou naaste. Die wetgeleerde het die regte antwoord gegee wat in Deuteronomium 6:5 en Leviticus 19:18 geskrywe staan. Hierdie twee Bybelgedeeltes impliseer dat die essensie van ware godsdiens *sigbare liefde vir God en vir jou naaste is!* Elke mens moet die God wat Hom in die Bybel geopenbaar het, liefhê met sy hele hart, met sy hele siel, met sy hele verstand en met al sy krag verstand (dus: met al sy menslike vermoëns). En elke mens moet sy naaste netso liefhê as wat hy homself liefhet – nie minder in omvang nie en ook nie minderwaardiger in kwaliteit nie (sien Markus 12:30-31)! Toe het Jesus vir hom gesê: “Doen dit en jy sal die lewe verkry!” Jesus het bedoel om te sê: “As jy die Wet volmaak sou kon hou (d.w.s. as jy God en jou naaste volmaak lief sou kon hê,) dan sou jy die ewige lewe verkry.

Die probleem is nie die beginsel dat “volmaakte gehoorsaamheid tot die verkryging van die ewige lewe lei nie” (Leviticus 18:5; Galasiërs 3:12) en ook nie met die beginsel dat “volmaakte liefde vir God en vir die naaste tot die verkryging van die ewige lewe lei nie”. Die werklike probleem is dat behalwe Jesus Christus daar geen mens is wat die Wet van God volmaak gehou het nie en vir God en alle mens volmaak liefgehad het nie! Die probleem was dat die wetgeleerde gedink het dat 'n mens die ewige lewe kan verdien deur die wet onvolmaak (so goed as moontlik te hou!) Hy het nie besef dat hy “ongeestelik was nie, aards en soos 'n slaaf aan die sonde verkoop was nie” (Romeine 7:14)! het nie geglo dat “daar nie één is wat regverdig is nie” (Romeine 3:10)! As hy maar sy sonde en volkome sondige natuur sou erken en sou uitroep: “O God, wees my, sondaar, genadig!” (Lukas 18:13), dan kon Jesus hom uitnooi om die evangelie te glo (Matteus 11:28). Die probleem met hierdie geleerde man was dat hy homself oorskot het en homself wou regverdig in die oë van mense wat na hom luister.

Die vraag na wie jou naaste is. Daar bestaan verskillende menings onder die Jode oor “wie is my naaste?” Daar was mense wat die gebod van God verdraai het deur te sê: “Jy moet jou naaste liefhê en jou vyande haat.” Jesus het hierdie uitspraak in Matteus 5:43-48 weerlê.

'n Wydverspreide mening was: “Jy moet jou naaste, die Israeliet, liefhê.” Die gebod van die liefde was dan beperk tot mense uit eie volk en kultuur.

Die Fariseërs het die gebod nog kleiner gemaak: “Jy moet jou naaste, die Fariseër, liefhê.” Die gebod van liefde was dan beperk tot mense uit jou eie groep of party¹. Hulle het neergesien op alle ander mense en het selfs 'n vloek uitgespreek oor die gewone mense (die Jode) wat volgens hulle “die Wet nie ken nie” (Johannes 7:49). Die Joodse gemeenskap in Qumran het verklaar dat alle mense wat nie behoort het aan hulle klein gemeenskap (gemeente) van Qumran nie, “'n kind van die duisternis” was en gehaat moes word!

Dus, deur hierdie vraag, “Wie is my naaste?” het die wetgeleerde aan die een kant geprobeer om sy gewete te sus en aan die ander kant om Jesus in verleentheid te bring. In antwoord op hierdie vraag, het Jesus die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan vertel.

¹ Of eie kerkgenootskap.

(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Lukas 10:30-35.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Lukas 10:36-37.

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Inleiding. Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in 'n gelykenis noodsaaklik 'n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van 'n gelykenis versterk die sentrale gedagte, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van 'n gelykenis 'n geestelike betekenis toeskryf nie!

Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

Aantekeninge.

(1) Die gelykenis as 'n allegorie uitgelê.

Die volgende vier Christene het ook goede dinge geskrywe, maar hul uitleg van hierdie gelykenis kan nie uit die verband afgelei word nie en moet dus verwerp word.

Die kerkvader Irenaeus (130-200) het die gelykenis as volg uitgelê: Dit gaan oor die verhouding tussen God en die mens. “Die mens” het in die hande van rowers geval, maar God het medelye met hom gehad en sy wonde verbind. Die “twee muntstukke” verteenwoordig die beeld van God die Vader en die Seun deur die heilige Gees in gelowiges, sodat die gelowiges alles wat aan hul toevertrou word, vrugbaar kon maak.

Die kerkvader Augustinus (354-430) het die gelykenis in groter besonderhede as 'n allegorie uitgelê: Dit gaan oor die verhouding tussen God en die mens. “Die man wat van Jerusalem af na Jerigo gereis het” verteenwoordig Adam wat 'n simbool is van die menslike geslag. “Jerusalem” is die hemelse stad waaruit die mens geval het. “Jerigo” verteenwoordig die menslike sterflikheid. “Die rowers” verteenwoordig die duiwel wat met sy engele die mens van sy onsterflikheid beroof. “Die wonde” verteenwoordig die sondes wat vergewe moet word. “Die man wat halfdood bly lê” verteenwoordig sy gees of siel wat “leef”, terwyl sy liggaam deur die sonde “dood” is. “Die priester en die Leviet” verteenwoordig die Ou Testament, waardeur die mense nie van hul sondes verlos kan word nie. “Die Samaritaan” (die woord beteken: “bewaarder” of “bewaker”) simboliseer Jesus Christus. “Die verbinding van die wonde” staan vir die verwydering van die sonde. “Die olie” staan vir die troos wat die hoop gee en “die wyn” staan vir die aansporing tot ywerig optrede. “Die rydier” waarop die man na die herberg gebring word, verteenwoordig die menslike natuur van Jesus Christus waarin Hy tot die mens gekom het. “Op die rydier sit” beteken glo in die menswording van Jesus Christus. “Die herberg” verteenwoordig die Kerk, waar reisigers kan uitrus op hul pelgrimsreis na hul tuisland, die Hemelse Jerusalem. Die mens is dus nou nog aan die reis na die herberg en in die proses van genesing. “Die aanvanklike toepassing van wyn en olie” wat onderweg uitgegiet word, verteenwoordig die doop met water. Hulle is bedoel om die slagoffer te versterk. “Die volgende dag” staan vir die tyd na die opstanding van Jesus uit die dood. “Die twee muntstukke” kan staan vir die twee gebooe om God en die naaste lief te hê of as die belofte van die lewe in die huidige tyd en in die toekomstige tyd. “Die belofte van die Samaritaan om terug te keer” staan vir die belofte van Jesus in Matteus 19:29 dat Hy met 'n beloning sou terugkeer. “Die herbergier is waarskynlik die apostel Paulus.

Die groot reformator Maarten Luther (1483-1546) het die gelykenis as volg uitgelê: “Die man” verteenwoordig Adam wat in sonde geval het en die sonde in die menslike geslag ingebring het. “Die Samaritaan” verteenwoordig Jesus Christus wat ons red en na “die herberg” (die Kerk) bring en ons nou genees.

Maar op 'n ander plek pas Luther die gelykenis goed toe deur te sê: “As jou naaste in gevaar is, moet jy nie soos die priester en die Leviet verby loop nie en hom daar laat omkom nie. Onder die mom van die Sabbat te heilig, kan 'n mens die moordenaar van sy broeder word.”

Richard C. Trench (1807-1886) het hierdie gelykenis as volg uitgelê: “Die herberg” is 'n simbool vir die Kerk, die plek waar siele genees. “Die twee muntstukke” staan vir alle gawes van genade wat Jesus aan sy kerk gegee het, sodat die kerk die huis kan onderhou totdat Jesus terugkeer. Dit kan die twee sakramente of die Woord en die sakramente of die twee testamente in die Bybel of die krag om te genees en om sondes te vergewe verteenwoordig.

(2) Die volgende details is essensieel en relevant.

Jes Christus pas die gelykenis toe deur aan te toon hoe Hy is en hoe Hy wil dat Christene moet wees. Hy gee geen detail enige besondere betekenis nie. Daarom moet Christene hierdie gelykenis ook nie as 'n allegorie uitlê nie deur aan elke detail een of ander spesiale betekenis te gee nie (soos die vier manne hierbo doen). Die gelykenis vertel nie God se heilsgeskiedenis nie, d.w.s., nie die verhouding tussen God en die mens deur die eeue nie. Die gelykenis leer ons eerder God se wil met betrekking tot hoe Christene met mense met behoeftes of moeilikhede moet omgaan wat God op die pad van Christene plaas. Jesus het hierdie gelykenis gebruik om aan die wetgeleerde en aan Christene vandag te leer wie eintlik “die naaste” was vir die man wat beroof was. En die wetgeleerde het reg geantwoord toe hy gesê het: “Die man wat vir hom medelye bewys het, was die naaste van hom wat onder die rowers verval het.”

'n Christen moet nie rondkyk en vir homself vra, “Wie is my naaste?” So 'n vraag plaas die Christen in die middelpunt. Hy moet die ander mens wat in moeilikheid verkeer in die middelpunt plaas en homself afvra: “Vir wie is ek 'n naaste?”

Elke mens wat God op 'n soewereine wyse op jou pad plaas, kan die mens vir wie jy 'n naaste moet wees. “Vir watter mens in die moeilikheid is ek 'n naaste?”

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Inleiding. Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitleg of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitleg. 'n *Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les.* Daarom moet ons nie probeer om 'n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van 'n gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan in Lukas 10:29-37 leer oor “die sigbare liefde in die Koninkryk van God.”

Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “Ek is die naaste vir iemand wanneer ek liefde bewys aan hom in sy moeilikhede of hulpeloosheid, d.w.s., wanneer ek barmhartigheid bewys aan die mens wat God op 'n soewereine wyse op my pad bring.” Die sentrale les is die antwoord van Jesus op die vraag: “Wie is my naaste?” In sy antwoord keer Jesus die vraag om. Hy vra nie: “Wie is my naaste?” nie, maar “Vir wie is ek 'n naaste?” of “Wanneer is ek 'n naaste vir iemand?” Wanneer ek barmhartigheid bewys aan die mense wat God soewerein op my pad plaas, dan is ek die naaste vir daardie mens!

Jesus is niet antiklerikaal nie. Dit is nie sy bedoeling om teen die kerklike ampte as 'n priester of 'n Leviet te spreek nie, maar om aan te toon dat 'n gebrek aan liefde en barmhartigheid alle mense tref, ook geestelike leiers! En Hy toon aan dat elke mens, ook 'n veragte Samaritaan, sigbare liefde en barmhartigheid moet bewys aan die mens in nood wat God op jou pad plaas! Jesus protesteer teen die idee dat jou naaste beperk bly tot die mense in jou eie land en kultuur of tot jou partygenote of vriendekring (Leviticus 19:34; Matteus 5:43-47).

Sigbare liefde wat uitgaan na ander mense soos byvoorbeeld om barmhartigheid te bewys aan mense wat in nood verkeer is één van die fundamentele kenmerke van die Koninkryk van God! Op grond van die versoeningsdood van Jesus Christus aan die kruis het elke gelowige die ewige lewe uit genade verkry. God verwag dus dat die gelowiges hul dankbaarheid aan Hom sal toon deur 'n lewe gekenmerk deur liefde vir God en vir die naaste. Die ware burgers van die Koninkryk van God lewe tot eer van God. Alhoewel hulle hier op die aarde vir God en vir die naaste nog nie volmaak lief het nie, sal hulle op die aarde al begin om volgens die reëls van die liefde (en barmhartigheid) te lewe. Die wet van die liefde word nooit opgehef nie (Romeine 13:8-10; 1 Korintiërs 9:21; 13:13; Galasiërs 6:2; Jakobus 2:8).

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Inleiding. Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van 'n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.

Lees. Galasiërs 2:16; 3:6-9,12-14.

Ontdek en bespreek. Het Jesus Christus wel die oorspronklike vraag van die wetgeleerde beantwoord: “Wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?”

Aantekeninge.

Galasiërs 3:12. “Hy wat doen wat die wet sê, sal daardeur lewe.” Dit beteken dat as 'n mens in staat was om God en sy naaste volmaak lief te hê, dan sou hy die ewige lewe kan verkry.

Galasiërs 2:16. Geen mens word vrygespreek op grond daarvan dat hy die wet onderhou nie.” Niemand in die wêreldgeskiedenis, behalwe die Here Jesus Christus, het God en mense volmaak lief nie! Niemand behalwe Jesus Christus was 'n volmaakte naaste! So 'n soort liefde vir God en die naaste is volkome onmoontlik vir sondige mense op die aarde (Romeine 3:10-12,23)!

Galasiërs 3:13. “Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word. Daar staan naamlik geskrywe: “Vervloek is elkeen wat aan 'n hout opgehang is.” Alhoewel geen in die wêreldgeskiedenis mens ooit die vereistes van God se wet kan vervul nie, het Jesus Christus dit wel gedoen! Hy was volkome gehoorsaam en het die wet volmaak onderhou (Hebreeërs 5:8-9). Deur sy lewe van volmaakte gehoorsaamheid en deur sy plaasvervangende soenoffer aan die kruishout, het Jesus Christus vir ons en in ons plek gedoen wat ons nooit sou kon doen nie (Romeine 8:1-3; 2 Korintiërs 5:21).

Galasiërs 3:6-9. Daarom word elkeen wat in Jesus Christus glo, deur God *beskou en behandel* as volmaak regverdige (Johannes 3:16,36; Romeine 5:1). Daarom bely Christene altyd opreg dat dit altyd onmoontlik is vir iemand om deur sy eie krag en inspanning (handelinge) die vereistes van God se wet te vervul. Deur God se genade en deur die werk van die heilige Gees in ons stel ons ons vertrou in Jesus Christus en in die volmaakte geregtigheid wat Hy vir ons in ons

plek deur sy lewe, dood en opstanding verwerf het. En ons druk ons dankbaarheid aan hom uit deur Hom en ons naaste lief te hê.

6. Maak 'n samevatting van die belangrikste leerstellings in hierdie gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrikste waarhede of boodskappe (lesse) van hierdie gelykenis? Wat leer Jesus Christus aan ons om te *weet*, te *glo*, te *wees* en te *doen*?

Aantekeninge.

(1) Die gelykenis van die terugkeer van die onreine gees (Matteus 12:43-45).

Dit is 'n gelykenis oor “liefde wat bewys word aan 'n naaste wat verlore is in die Koninkryk van God.”

Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “God se koninkryk word gekenmerk deur 'n positiewe sigbare godsdiens in plek van 'n negatiewe ingegroeiende godsdiens (met negatiewe kritiek soos Matteus 12:24 en dweep met uiterlike tekens soos in Matteus 12:39). In plaas van die wettiese passiwiteit van die Fariseërs (Matteus 12:2), bring die sigbare liefde van Jesus Christus handeling wat sig openbaar in genesing, bevryding en verlossing van die naaste (Matteus 12:9-14).”

Sigbare liefde wat uitreik na ander (die aanhoudende toewyding aan doen wat reg is in plaas van die aanhoudende niksdoen uit vrees om te doen wat verkeerd is), is één van die fundamentele kenmerke van die koninkryk van God. Die ware burgers van die Koninkryk van God is as 'n huis wat bewoon word en vol met positiewe aktiwiteite is in plaas van 'n leë steriel huis (Matteus 12:44). Christene is mense wat gered is uit genade en deur geloof en wat hul dankbaarheid uitdruk in aktiewe liefde en heiligheid, en nie in passiewe wettiese ywer wat ongevaarlik bly!

(2) Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan (Lukas 10:29-37).

Dit is 'n gelykenis oor “*liefde wat uitreik na die naaste wat verlore of hulpeloos is in die koninkryk van God.*”

Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “Ek is 'n naaste vir iemand wanneer ek sigbare liefde toon, d.w.s., wanneer ek barmhartigheid bewys aan en sorg dra vir 'n mens in nood wat God op my pad plaas. Die vraag sou dan moet wees: Nie: “Wie is my naaste?” nie, maar: “Vir wie is ek ‘n naaste?’”

Liefde wat sigbaar gedemonstreer word (byvoorbeeld barmhartigheid bewys aan 'n mens in nood) is één van die grondliggende kenmerke van die Koninkryk van God! Op grond van die versoeningsdood van Jesus Christus aan die kruis het Christene al die ewige lewe as 'n volkome onverdiende en vrye gawe ontvang. Daarom druk hulle hul dankbaarheid uit aan God deur 'n lewe van liefde vir God en vir die naaste. Die ware burgers van God se Koninkryk lewe tot eer van God. Alhoewel hulle God en hul naaste op hierdie sondige aarde nie volmaak kan liefhê nie, rig hulle hul lewe op die gebod van liefde. Die wet van die liefde sal nooit herroep word nie (Romeine 13:8-10).

(3) Die gelykenis van die twee skuldenaars (Lukas 7:40-50).

Dit is 'n gelykenis oor “*liefde wat uitreik na die naaste wat verlore of hulpeloos is in die Koninkryk van God.*”

Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “Die uiting van liefde is die gevolg van die feit dat jy volkome vergewe is. En die besef dat jy vergewe is, is die gevolg van jou geloof in die evangelie. Die mens aan wie God baie vergewe het, toon baie liefde en die mens aan wie God min vergewe het, toon min liefde.”

Die liefde wat sig rig op Jesus Christus is een van die fundamentele kenmerke van die Koninkryk van God! Vergelyk Johannes 8:42 met 1 Johannes 5:1. Die ware burgers van die Koninkryk van God druk hul dankbaarheid aan God uit deur hul liefde op Jesus Christus uit te stort, omdat al hul sondes (ongeg hoeveel dit was) vergewe is!

Jesus stel die gebrek aan 'n besef van vergewing van die Fariseërs teenoor die diep besef van vergewing van die vrou. Die Fariseër het gedink dat hy regverdig was en geen vergewing nodig gehad het nie. Hy het nie geglo dat hy 'n sondaar is nie en daarom het hy ook geen behoefte gevoel om vergewe te word nie. Omdat niks aan hom vergewe is nie, het hy ook niks liefgehad nie. Omdat hy geen vergewing van Jesus ontvang het nie, het hy Jesus Christus ook nie liefgehad nie. In teenstelling tot hom het die vrou 'n diep besef van haar sonde gehad en tegelyk 'n diep besef gehad dat sy volkome vergewe was. Omdat baie aan haar vergewe is, het sy baie liefgehad. Omdat sy baie vergewing van Jesus ontvang het, het sy Jesus baie liefgehad.

In hierdie gelykenis word 'n teenstelling gemaak tussen iemand aan wie niks vergewe is nie met iemand aan wie baie vergewe is! Alle mense wat hulle bekeer tot Jesus Christus is volkome vergewe! Maar hoe meer Christene geestelik groei en beter besef hoe sondig hul menslike natuur in werklikheid is en wat Jesus Christus vir hulle in hul plek gedoen het, hoe meer sal hul liefde vir Jesus Christus groei!

(4) Hoe is God.

Alle mense en veral verlore mense, moet weet hoe God of Jesus Christus is. Een groot les in hierdie gelykenisse is dat dit sigbare liefde van God in Jesus Christus toon vir mense wat genesing en vergewing nodig het. Hy bevry mense van bose geeste, genees hul siektes, vergewe hulle sondes en sy hart gaan die hele tyd uit na mense in nood. Matteus skrywe oor Jesus, “Toe Hy die menigte sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie 'n wagter het nie” (Matteus 9:36).”

(5) Hoe sou Christene moet wees.

Christene moet weet hoe hulle behoort te wees. 'n Ander les in hierdie gelykenisse is dat hulle ons leer wat God wil wat ons is en wat ons doen. "Sigbare liefde" is 'n uitdrukking van ons dankbaarheid aan God vir die verlossing wat ons uit genade ontvang het. In plaas van beheers te word deur al die dinge wat jy nie mag doen nie, moet Christene ander mense aktief liefhê. In plaas van koue onverskilligheid teenoor Jesus Christus, moet Christene warme liefde op ander mense uitstort. In plaas van op negatiewe wyse jou besig te hou om die wet² te hou en daarmee jou eie geregtigheid te probeer bewerkstellig, moet Christene positiewe liefde uitstort oor God en mense wat God op jou weg bring. Omdat Christene al gered (verlos, geregverdig) is, kan hulle dit ook doen! En Christene doen dit omdat hulle dankbaar is vir die verlossing (vergewing, genesing, herstel, ens.) wat hulle uit genade ontvang het toe hulle in Jesus Christus geglo het.

5	GEBED (8 minute)	[REAKSIES] GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
----------	-------------------------	---

Bid saam met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	---------------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die gelykenis van "die barmhartige samaritaan" saam met 'n persoon of 'n klein groeple mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit **Psalm 23, 24, 25 en 27**. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. **(7) Romeine 5:1-2a**. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. **Romeine 5:12-21**. Maak gebruik van die vyf stappe-metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memoriserings, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.

² Hebreeus: Tora, Arabies: sharia.